basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## FEBRUARIE/MAART 2011

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae gebaseer op die voorgeskrewe inhoud, soos in die riglyndokument vervat is:

   VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE KOUE OORLOG OP DIE VORMING VAN DIE WÊRELD SOOS DIT IN DIE 1960's WAS?
   - USSR/VSA – Skep van belangesfere: Fokus op Viëtnam

   VRAAG 2: HOE IS UHURU IN DIE 1960's EN 1970's IN AFRIKA VERWERKLIK?
   - Gevallestudie: Kenia

   VRAAG 3: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VAN DIE 1960's TOT EN MET 1990 TE VOORSKYN GEKOM?
   - Fokus 1960's: Burgerregtebewegings in die VSA

   VRAAG 4: WATTER VORME VAN BURGERLIKE PROTES HET VAN DIE 1960's TOT EN MET 1990 TE VOORSKYN GEKOM?
   - Fokus 1970's: Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika

2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag toegeken word.

3. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord.

4. In die beantwoording van vrae behoort die kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toe te pas.

5. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

6. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: HOE SUKSESVOL WAS DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) IN DIE OORLOG IN VIËTNAM?**

Bestudeer Bron 1A, 1B en 1C om die vrae wat volg, te beantwoord.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Haal inligting uit die bron aan om te bewys dat die Tet Offensief 'n keerpunt in die oorlog was. (1 x 2) (2)

1.1.2 Verduidelik in watter mate die Tet Offensief die Amerikaanse publiek se opinie oor die oorlog beïnvloed het. (2 x 2) (4)

1.1.3 Wat vertel die woorde, 'Haai, haai, LBJ, hoeveel kinders het jy vandag doodgemaak?', jou van Amerikaners se houding teenoor die oorlog in Viëtnam? (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Verduidelik die boodskap wat deur hierdie foto oorgedra word. (Visuele bron) (2 x 2) (4)

1.2.2 Wat, dink jy, was die bedoeling van die fotograaf toe hy hierdie foto van die My Lai-massamoord geneem het? (Visuele bron) (2 x 2) (4)

1.2.3 Verduidelik of Meadlo se optrede tydens die My Lai-massamoord geregverdig kan word. (Geskrewe bron) (2 x 2) (4)

1.2.4 Gebruik die visuele en geskrewe bronne.

(a) Gebaseer op Meadlo se getuienis in die onderhoud, verduidelik in watter mate jy dink hierdie inligting vir 'n historikus, wat die oorlog in Viëtnam navors, bruikbaar sal wees. (2 x 2) (4)

(b) Verduidelik of die optrede van die VSA-soldate as 'n misdaad teen die mensdom beskou kan word. (2 x 2) (4)

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Hoekom, dink jy, was die getal Amerikaanse soldate wat in die eerste paar jaar van 1963 tot 1964 na Viëtnam ontplooi is, minder as 100 000? (2 x 2) (4)

1.3.2 (a) In watter jaar het die getal soldate 500 000 oorskry? (1 x 1) (1)

(b) Watter afleidings kan jy uit die statistiek oor die VSA-soldate wat in Viëtnam ontplooi is, maak? (2 x 2) (4)

1.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die impak van die My Lai-massamoord op Viëtnam verduidelik. (6)

1.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou opstel moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.5.1 OF VRAAG 1.5.2.

1.5.1 Verduidelik in watter mate die VSA suksesvol was in die oorlog in Viëtnam. (30)

**OF**

1.5.2 '… al die militêre mag van 'n supermoondheid kon nie 'n klein nasie van kleinboere verslaan nie.'

Stem jy saam met hierdie stelling? Bespreek die stelling krities in die lig van die VSA se betrokkenheid in Viëtnam in die tydperk 1963 tot 1975. (30)

**[75]**

**VRAAG 2: WAT WAS DIE MOONTLIKHEDE EN UITDAGINGS WAARVOOR KENIA TE STAAN GEKOM HET OP PAD NA UHURU?**

Bestudeer Bron 2A, 2B en 2C om die vrae wat volg, te beantwoord.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Watter koloniale moondheid het oor Kenia geregeer? (1 x 1) (1)

2.1.2 Hoe beskryf Conley Kenia se reaksie op die verkryging van onafhanklikheid? (1 x 2) (2)

2.1.3 Verduidelik waarom daar na 20 Oktober, 'n nasionale vakansiedag, as Kenyatta-dag verwys is. (1 x 2) (2)

2.1.4 Noem TWEE stappe wat die nuwe Keniaanse regering gedoen het om sy onafhanklikheid van koloniale beheer te demonstreer. (2 x 1) (2)

2.1.5 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik in watter mate jy die volgende stelling as akkuraat beskou:

'Alles dui daarop dat Kenia in 'n eenpartystaat sal ontwikkel.' (2 x 2) (4)

2.1.6 Verduidelik hoe bruikbaar hierdie bron vir 'n historikus is wat navorsing doen oor Kenia se onafhanklikheid. (2 x 2) (4)

2.2 Gebruik Bron 2B.

2.2.1 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die begrip *Harambee*. (1 x 2) (2)

2.2.2 Wat sê die volgende woorde oor Kenia se ekonomie: 'Afrika se aandeel in nuwe maatskappye, wat ná onafhanklikheid gestig is, het van 19 persent van die totaal in 1964 gegroei tot 46 persent in 1973'? (1 x 2) (2)

2.2.3 Hoe, dink jy, sou die koloniste op veranderinge ná onafhanklikheid in Kenia gereageer het? (2 x 2) (4)

2.2.4 Verduidelik in watter mate die inligting in die statistiese tabel die bewyse oor Kenia se ekonomiese groei in die geskrewe bron ondersteun. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 (a) Hoekom, dink jy, het Kentridge opkomende, onafhanklike Afrika-lande, soos Kenia, op hierdie manier uitgebeeld? (1 x 2) (2)

(b) Verduidelik of dit vir Kentridge geregverdig was om Afrika-lande, soos Kenia, op hierdie manier uit te beeld. (2 x 2) (4)

2.3.2 Lewer in jou eie woorde kommentaar op die verwysing na 'wabenzi'. (1 x 2) (2)

2.4 Verwys na Bron 2A, 2B en 2C. Verduidelik watter EEN van die drie bronne jy as die bruikbaarste sou beskou vir 'n historikus wat Kenia ná onafhanklikheid bestudeer. (2 x 2) (4)

2.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die veranderinge wat ná onafhanklikheid in Kenia plaasgevind het, verduidelik. (6)

2.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou opstel moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.6.1 OF VRAAG 2.6.2.

2.6.1 Bespreek die moontlikhede en uitdagings waarvoor Kenia te staan gekom het op pad na Uhuru. (30)

**OF**

2.6.2 Jy is 'n senior beampte van die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE). Gebruik die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag vir die OAE waarin jy in breë trekke verduidelik hoe Kenia, as 'n land wat pas onafhanklikheid verkry het, op die verskillende uitdagings gereageer het. (30)
**[75]**

**VRAAG 3: HOEKOM WAS DIE SELMA-NA-MONTGOMERY-OPTOGTE IN 1965 IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) SO BETEKENISVOL VIR DIE BURGERREGTEBEWEGING?**

Gebruik Bron 3A en 3B om die vrae wat volg, te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Haal inligting uit die bron aan om te toon dat rassesegregasie in die 1960's in die VSA beoefen is. (1 x 2) (2)

3.1.2 Hoekom, dink jy, het die Voters League 'n beroep op Martin Luther King Jr. gedoen om te help? (1 x 2) (2)

3.1.3 Verduidelik hoekom Martin Luther King Jr. se stelling, '…Ons smeek nie op ons knieë vir die stemreg nie, ons eis die stemreg ...', ondersteun kan word. (2 x 2) (4)

3.1.4 Hoe het die optrede van die polisie en die televisiedekking waarde by die Burgerregtebeweging gevoeg? (2 x 2) (4)

3.1.5 Verduidelik in watter mate Rosa Parks die Burgerregtebeweging beïnvloed het. (2 x 2) (4)

3.1.6 Verduidelik of die optogte 'n keerpunt in die Burgerregtebeweging geblyk te wees het. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Verwys na Foto 1. Hoekom is die titel van hierdie foto 'Bloedige Sondag'? (2 x 2) (4)

3.2.2 Foto 2 toon betogers wat die Amerikaanse vlag dra. Wat kan jy uit hierdie foto oor die betogers en die Burgerregtebeweging leer? (1 x 3) (3)

3.2.3 Vergelyk Foto 1 met Foto 2.

(a) Verduidelik die verskille tussen die Selma–Montgomery-optogte. (2 x 2) (4)

(b) Hoe verklaar jy hierdie verskille? (2 x 2) (4)

3.3 Verwys na Bron 3A en 3B. Verduidelik watter EEN van die twee bronne jy as die bruikbaarste sou beskou vir 'n historikus wat die geskiedenis van die Burgerregtebeweging skryf. (2 x 2) (4)

3.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om te verduidelik hoekom die Selma–Montgomery-optogte noodsaaklik was. (6)

3.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou opstel moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.5.1 OF VRAAG 3.5.2.

3.5.1 Verduidelik waarom die Selma–Montgomery-optogte in 1965 so betekenisvol vir die Burgerregtebeweging was. (30)

**OF**

3.5.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel vir 'n geskiedkundige joernaal oor die rol wat Martin Luther King Jr. in die Selma–Montgomery-optogte in 1965 gespeel het. (30)

**[75]**

**VRAAG 4: WAT WAS DIE INVLOED VAN DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING OP DIE SOWETO-OPSTANDE VAN 1976?**

Bestudeer Bron 4A, 4B en 4C om die vrae wat volg, te beantwoord.

4.1 Verwys na Bron 4A.

4.1.1 Wat verstaan jy onder die begrip *Swart Bewussyn*? (1 x 2) (2)

4.1.2 Verduidelik die TWEE magte, volgens Biko, waaraan die swart mens in hierdie land onderworpe was. (2 x 1) (2)

4.1.3 Wat, volgens die bron, was die faktore wat die swart mens onderdruk het? (3 x 1) (3)

4.1.4 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom Biko se filosofie dat 'die swart mens in homself 'n sekere staat van vervreemding ontwikkel (het)', geregverdig kan word. (1 x 2) (2)

4.1.5 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die geskiedenis van die Swartbewussynsbeweging bestudeer. (2 x 2) (4)

4.2 Gebruik Bron 4B.

4.2.1 Hoe, volgens Morobe, het die filosofie van Swart Bewussyn sy denke beïnvloed? (1 x 2) (2)

4.2.2 Verduidelik waarom die apartheidsregering teen die Swartbewussynsbeweging gekant was. (1 x 2) (2)

4.2.3 Hoe het die Swartmagstryd in die VSA die Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika beïnvloed? (2 x 2) (4)

4.2.4 Hoekom, dink jy, het dit vir aktiviste noodsaaklik geword om vergaderings in die geheim te hou? (1 x 2) (2)

4.3 Raadpleeg Bron 4C.

4.3.1 Wat, dink jy, was die bedoeling van die fotograaf toe hy hierdie foto geneem het? (Visuele bron) (1 x 3) (3)

4.3.2 Gebruik jou eie kennis bykomend tot wat in die foto beklemtoon word en noem TWEE ander faktore wat die studente van Soweto gemotiveer het om te betoog. (2 x 1) (2)

4.3.3 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie foto om die stemming van die studente in die Soweto-opstande vas te lê. (Visuele bron) (1 x 3) (3)

4.3.4 Verduidelik die ooreenkoms tussen die Soweto-opstande (visuele bron) en die Swartbewussynsbeweging (geskrewe bron). (2 x 2) (4)

4.4 Vergelyk Bron 4A met 4C. In watter mate ondersteun die foto in Bron 4C die siening van Woods, soos uitgebeeld in Bron 4A? (2 x 2) (4)

4.5 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die impak van die Swartbewussynsbeweging op die studente van Soweto bespreek. (6)

4.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou opstel moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.6.1 OF VRAAG 4.6.2.

4.6.1 Bespreek die invloed van die Swartbewussynsbeweging op die Soweto-opstande van 1976. (30)

**OF**

4.6.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n opstel vir insluiting in die internasionale media oor die belangrikheid van die Swartbewussynsbeweging in Suid-Afrika se bevrydingstryd. (30)
**[75]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou